



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DINSDAG, 21 MEI 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek die Munisipale Bestuurder om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat kennis geneem word van die verskonings ontvang vanaf die Speaker, rdh M A Rangasamy en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 APRIL 2024

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 April 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende regstellings:

ITEM 7.5: VERHURING VAN VOORMALIGE KOMMANDOGEBOU TE MOORREESBURG (15/4/6)

Die regstelling van die spelling van Imibala Trust (i.p.v. Imibale Trust).

4.1/...

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word dat die huurooreenkoms met Sinethemba ten opsigte van die gebou geleë op gedeeltes van Erf 41 (i.p.v. Erf 122) en Erf 43 te Hoofstraat 6, Moorreesburg ...

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

6. MAANDVERSLAG: MAART 2024

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 3 was ngesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 30 April 2024 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat, alhoewel die damvlak van die Voëlvleidam gunstiger is as in vorige jare, die Elnino-weerverskynsel tot in Julie kan voortduur. Die kommerwekkende effek hiervan is dat die kouefronte verby beweeg en winterreëns eers in Julie verwag kan word.

Rdh T van Essen spreek sy kommer uit dat die fodderapers by die Highlands Stortings-terrein 'n bedreiging inhou vir die werkers en die publiek. Daar word versoek om oorweging daaraan te verleen om sekuriteitswagte by die stortingsterrein te plaas.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Maart 2024.

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Rdh T van Essen noem dat aandag gegee moet word aan die sinkronisering van die verkeersligte in Bokomoweg, aangesien daar probleme ondervind word om by Bokomoweg aan te sluit. Voormelde word verder bemoeilik deur taxi's en wets-toepassersvoertuie wat die verkeersligte verontagsaam.

Rdl J M de Beer verneem of die versoek aan Eskom om elektrisiteit te voorsien aan die Lynkamp in Kalbaskraal opgevolg kan word, aangesien die inwoners oor geen basiese dienste beskik nie en daar gereelde navrae hieromtrent ontvang word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Maart 2024.

6.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gee terugvoering aangaande die vordering met die onderskeie behuisingsprojekte soos vervat in die maandverslag.

Rdl J M de Beer noem dat daar verskeie navrae uit die publiek ontvang word insake die vordering met die 9 GAP-huise in Abbotsdale. Die voorsitter noem dat dit onaanvaarbaar is dat daar vir die afgelope drie jaar geen vordering is nie en dat dit dringend met Provinsie opgeneem moet word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem, met verwysing na die voorsiening van basiese dienste aan die Lynkamp in Kalbaskraal, dat die aankoop van grond vir behuisingsdoeleindes in Kalbaskraal op die Behuisingspyplyn geplaas is. Die voorsiening van basiese dienste aan die Lynkamp sal by die behuisingsprojek ingeskakel word.

6.3/...

Rdl de Beer noem dat daar navrae ontvang word insake die vordering met oordrag van die Nitrophaska-huise in Iris- en Tulpstraat.

Rdl de Beer noem verder dat die onwettige huiswinkel in Alfastraat, oorkant die nuwe RSEP-park, aangespreek moet word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Maart 2024;
- (b) Dat daar verslag gedoen word insake die vordering met die volgende projekte:
 - (i) Voorsiening van basiese dienste aan die Lynkamp, Kalbaskraal;
 - (ii) Voltooiing van konstruksie van die 9 GAP-huise op Abbotsdale;
 - (iii) Oordrag van Nitrophoska-huise in Iris- en Tulpstraat;
 - (iv) Optrede teen onwettige huiswinkel in Alfastraat – oorkant die nuwe RSEP-park.

6.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.4.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

Die maandverslag word ter tafel gelê en spreek rdl J M de Beer haar kommer uit oor die volgende sake:

- (1) Kinders op skaatsborde en die klein aangepaste fietse (sonder remme) wat padreëls oortree;
- (2) Groei in die aantal kleinboere by Saamstaan;
- (3) Uitbreek van Bek- en Klouseer in die Oos-Kaap en moontlike verspreiding.

Die Direkteur: Beskermingsdienste verwys na die veldtogte by Spaza-winkels om produkte waarvan die vervaldatum verskryk het te identifiseer. Die wetstoepassers is egter nie bevoeg om die produkte te konfiskeer nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Verkeer- en Wetstoepassingsdienste ten opsigte van Maart 2024;
- (b) Dat, wanneer veldtogte by die Spaza-winkels beplan word om vervalde produkte te identifiseer, die Weskus Distrikmunisipaliteit se Gesondheidsinspekteurs betrek word, aangesien lg. oor die bevoegdheid beskik om vervalde produkte te konfiskeer.

6.4.2 BRANDWEERDIENSTE

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die Weskus Distrikmunisipaliteit per skrywe bevestig het dat die status quo ten opsigte van die lewering van brandweerdienste gehandhaaf sal word, m.a.w. dat die diens nie oorgeneem sal word nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Brandweerdienste ten opsigte van Maart 2024.

7. NUWE SAKE

7.1 2024 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (2/1/4/4/1)

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)/...

7.1/...

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van 'n munisipaliteit dien as die hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoefte in die munisipale area (eksterne fokus), sowel as die mees kritieke bestuursbehoefte van die organisasie (interne fokus).

Die hersiening van die GOP en gepaardgaande proses word deur verskeie wetgewende vereistes gereël, onder andere, wysiging van strategieë, nuwe statistieke vanaf STASSA en opgedateerde begrotingsyfers.

Die gewysigde GOP en Areaplanne is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Mei 2024)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die 2024 Gewysigde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne vir 2024/2025, vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000;
- (b) Dat die kommentaar en insette wat tydens April 2024 ontvang is (insluitende die SIME kommentaar), hanteer word ooreenkomstig **AANHANGSELS 2 en 3**;
- (c) Dat die wetlike proses, soos voorgeskryf in die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur Nr 56 van 2003 en die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies, 2009, afgehandel word na goedkeuring van die GOP deur die Raad.

7.2 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING, BEGROTINGS- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2024/2025; 2025/2026 EN 2026/2027 (5/1/2/2)

Die voorsitter versoek die Direkteur: Finansiële Dienste om die belangrikste punte uit die verslag voor te hou. Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat daar 'n publieke deelname proses gevolg is om insette op die konsep begroting, konsep tariewe en verwante beleide te ontvang teen 30 April 2024. 'n Begrotingsbeheer Komitee-vergadering is gehou op 16 Mei 2024 om, onder andere, die insette te oorweeg en die Uitvoerende Burgemeester te ondersteun om die impak van die insette op die begroting en tariewe te oorweeg.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat daar geen insette/kommentaar ontvang is op die voorgestelde belastingskoers en tariewe nie en verder ook nie enige insette/kommentaar wat 'n wysiging van die begrotings noodsaak nie.

Die Munisipale Bestuurder noem, met verwysing na Artikel 23 van die MFMA, dat nieteenstaande die feit dat daar geen insette/kommentaar op die voorgestelde belastingkoers ontvang is nie, die Uitvoerende Burgemeester 'n verlaging van 10% in die koers aan die Raad sal aanbeveel om die impak van die nuwe waardasies te versag.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Mei 2024)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat oorweging verleen word aan die insette ontvang vanaf die publiek, met in ag neming van die tegniese oorwegings deur die Begrotingsbeheer Komitee tydens die vergadering van 16 Mei 2024 waartydens gehandel is met die feit dat beide die bedryfs- en kapitaalbegrotings tot die uiterste gerek is en dat die Munisipaliteit klem plaas om die dringende basiese dienste- en behuisingbehoefte aan te spreek. Hierdeur word die Uitvoerende Burgemeester se verbintenis om na die welstand van benadeelde gemeenskappe om te sien beklemtoon, sonder om addisionele druk te plaas op die betalende publiek (**Annexure E, Inputs received on Draft Budget**);
- (b) Dat kennis geneem word van die insette wat ontvang is vanaf die Provinsiale Tesourier (SIME-verslag) (**Annexure E, Inputs received on Draft Budget**);

7.2/...

- (c) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19(2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Final Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;
- (d) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2024/2025 – 2026/2027 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (e) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 4 individuele projekte bo R50 miljoen, aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (f) Dat die toekomstige kapitaalebetrotings vanaf jaar 3 beperk word tot 17% van die bedryfsbegroting (gebaseer op NT se norm van tussen 10% en 20% vir Kapitaalbesteding tot Totale Bedryfsbesteding) as gevolg van die opwaartse druk wat dit het op die bedryfsbegroting en die bekostigbaarheid van tariewe;
- (g) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Final Budget 2024/2025	Final Budget 2025/2026	Final Budget 2026/2027
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 93 535 241	R 115 676 861	R 116 891 897
External Loans	R 36 950 588	R 3 000 000	R -
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 29 332 000	R 25 343 000	R 27 225 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 22 818 000	R 23 100 000	R 20 868 000
WCED (Private Funding)	R 19 033 109	R -	R -
Dept. of Infrastructure	R 174 289 166	R 49 520 000	R 33 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 484 783	R -	R -
Community Safety Grant	R 34 783	R -	R -
GRAND TOTAL	R 376 477 670	R 216 639 861	R 197 984 897

- (h) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Final Budget and Tariff File)**;
- (i) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van R40 miljoen vir die 2024/25 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die volgende kapitaalprojekte: 132/11kV Eskom Schoonspruit Substation (R29 miljoen) en die Development of Highlands New Landfill Cell (R11 miljoen), deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;
- (j) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2024/2025 – 2026/2027** finansiële jare goedgekeur word as finaal, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA;

7.2(j)/...

	Oorspronklike Begroting 2023/24	Aansuiwerings begroting 2023/24	Finale Begroting 2024/25	Finale Begroting 2025/26	Finale Begroting 2026/27
Kapitaalbegroting	209 052 395	248 689 919	376 477 670	216 639 861	197 984 897
Bedryfsuitgawes	1 071 330 062	1 071 352 206	1 189 045 715	1 434 463 775	1 584 420 812
Bedryfsinkomste	1 192 485 181	1 252 422 713	1 458 996 892	1 535 862 828	1 666 597 277
Begrote (Surplus)/ Tekort	(121 155 119)	(181 070 507)	(269 951 177)	(101 399 053)	(82 176 465)
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	107 386 943	119 908 999	246 062 275	97 963 000	81 093 000
(Surplus)/ Tekort	(13 768 176)	(61 161 508)	(23 888 902)	(3 436 053)	(1 083 465)

- (k) Dat daar goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van finale eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die Eiendomsbelastingbeleid vir die 2024/2025 finansiële jaar met effek vanaf 1 Julie 2024;

Category of property	Rate ratio	Rate determined for the relevant property category
Residential properties	1: 1	R0,005360
Business and Commercial properties	1: 1,6360	R0,008769
Industrial properties	1: 1,6360	R0,008769
Agricultural properties	1: 0,25	R0,001340
Mining properties	1: 1,6360	R0,008769
Public Service Infrastructure	1: 0,25	R0,001340
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	1: 1,6360	R0,008769
Public Benefit Organisations	1: 0	R0
Vacant properties	1: 1,4966	R0,008022
Municipal properties	1: 0	R0
Conservation Areas	1: 0	R0
Protected Areas	1: 0	R0
National Monuments	1: 0	R0
Informal Settlements	1: 0	R0

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

7.2/...

- (l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in (**Annexure A: 2024/2025 – 2026/2027 Final Budget and Tariff File**) goedkeur as finaal;
- (m) Dat die Raad die elektrisiteitstariewe vir die 2024/2025 finansiële jaar goedkeur, gebaseer op die inkomstevereiste soos ondersteun in die koste van voorsieningstudie;
- (n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in (**Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2024/2025 – 2026/2027**) goedgekeur word;
- (o) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in (**Annexure D: Final Amendments to Budget & Related Policies 2024/2025**), goedgekeur word as finaal;
- (p) Dat die vloot uitgebrei word met 'n addisionele nuwe 8-10 sitplek Bus vir die Reaksie/LEAP-eenheid, maar dat die aanwending daarvan beperk word tot binne die Swartland munisipale gebied (WC015), aangesien die Raad reeds R14 miljoen vanaf 2022/2023 in bedryfskoste finansier bo en behalwe die provinsiale toekenning;
- (q) Dat die Raad kennis dra dat die Munisipaliteit se DORA allokasies verminder was met R39.267 miljoen oor die nuwe MTREF;
- (r) Dat die opleidingsbegroting beperk tot **0,50%** van die salarisbegroting vir die 2024/2025 finansiële jaar, goedgekeur word as finaal;
- (s) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.2%** vir 2024/2025; **5%** vir die 2025/2026 en **5%** vir 2026/2027 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (t) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting “kontant gefinansier” word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **11%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **16.5% (7.1% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloeistaat soos per (**A-schedule: A7**) vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **6.3 maande** vir 2024/25, **5.3 maande** vir 2025/26 en **8.4 maande** vir die 2026/27 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2024/25, 'n bedrag van **R 23 888 902**, vir 2025/26 'n bedrag van **R 3 436 053** en vir 2026/27 'n bedrag van **R 1 083 465 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat ver onder die NT riglyn is van minstens 'n 7.5% surplus.
- (u) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

7.2/...

- (v) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.8 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

7.3 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: ONTWIKKELINGSBYDRAEBELEID (15/1/B)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die vasstelling van ontwikkelingsbydraes gerugsteun word deur die Swartland Munisipaliteit: Ontwikkelingsbydraebeleid.

Die verslag bevat die wetgewende raamwerk waaruit die Beleid gestalte kry en waarvolgens 'n munisipaliteit gelde mag hef om die beskikbaarheid van dienste te verseker.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die aangehegte Ontwikkelingsbydraebeleid in terme van artikel 93(2) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), goedgekeur word vir die totale regsgebied van Swartland Munisipaliteit effektief vanaf 1 Julie 2024.

7.4 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2024/2025 / DETERMINATION OF DEVELOPMENT CHARGES FOR 2024/2025 (15/1/B)

Ontwikkelingsbydraes word bereken as 'n pro rata bydrae tot die werklike kapitaalkoste van grootmaat- en verwante infrastruktuur om 'n bepaalde ontwikkeling van ingenieursdienste te voorsien.

Groeimodelle en Meesterplanne van elke diens word gebruik om toekomstige infrastruktuur vereistes te bepaal ten einde aan toekomstige ontwikkelingsbehoefte te voldoen.

Ten einde die bekostigbaarheid van ontwikkelingsbydraes vir ontwikkelaars te verseker, is dit nodig om 'n korting daarop te oorweeg.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Mei 2024)

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2024/2025 finansiële jaar goedgekeur word om op 1 Julie 2024 in werking te tree:
- Greenfields"-ontwikkelingbydraes vir grootmaat elektrisiteit - (Bylae "A");
 - "Brownfields"-ontwikkelingbydraes vir elektrisiteit (Bylae "B");
 - Ontwikkelingbydraes vir water (Bylae "C");
 - Ontwikkelingsbydraes vir riool (Bylae "D");
 - Ontwikkelingsbydraes vir paaie (Bylae "E")
- (b) Dat 'n korting van 55% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2024/2025 finansiële jaar toegestaan word as aanspreek om ontwikkeling te bevorder en beleggers te lok;
- (c) Dat ontwikkelaars 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan m.b.t. die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die goedgekeurde beleid;
- (d) Dat die werklike koste van ontwikkelingsbydraes op alle ontwikkelings van toepassing sal wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviële Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

7.5 AANBEVELING VIR DIE AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE KREDIETBEHEER EN SKULDINVORDERING (1/1; 1/1/3/16)

Die konsep Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering is op 20 Maart 2024 deur die Uitvoerende Burgemeester aanbeveel aan die Raad ten einde 'n publieke deelname proses te deurloop.

7.5/...

Daar was geen insette/kommentaar op die verordening ontvang teen die spertyd van 15 Mei 2024 nie.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Mei 2024)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering aangeneem word deur die Raad vir afkondiging in die Provinsiale Koerant om met ingang van 1 Julie 2024 in werking te tree;
- (b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

7.6 WYSIGINGS AAN DIE VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (8/1/B/1)

Die Voorkeurverkrygingsbeleid is hersien aan die hand van die nuwe Voorkeurverkrygingsregulasies, 2022 wat met ingang van 16 Januarie 2023 in werking getree het.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 31 Mei 2024)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die voorgestelde wysigings aan die Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid, soos uiteengesit in Bylaag B, met onmiddellike effek deur die Raad goedgekeur word.

7.7 AANVAARDING VAN DIE BELEID INSAKE DIE ALLOKASIE VAN BEFONDSING VIR WYKSPROJEKTE (3/4/4/B)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die beleid in November 2023 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê was en daar was besluit om die beleid terug te verwys vir verdere insette/kommentaar.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die wysigings wat aangebring is ooreenkomstig die insette/kommentaar wat ontvang is. Dit is uiters belangrik dat daar pro-aktief beplan moet word ten einde die projekte in die begroting op te neem, anders gaan die gelde verbeur word.

Die konsep beleid is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Beleid insake die Allokasie van Befondsing vir Wyksprojekte aanvaar word vir implementering met ingang van 1 Julie 2024 – m.a.w. vir identifisering van projekte vir befondsing in die 2025/2026 finansiële jaar.

7.8 KENNISNAME VAN PUBLIEKE DEELNAME PROSES VIR DIE SAAMSTEL VAN DIE 2022-2027 WATERDIENSTE ONTWIKKELINGSPLAN (16/1/1/8)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat die Departement van Waterdienste wysigings aangebring het aan die basis waarop die Waterdienste Ontwikkelingsplan opgestel moet word ten einde relevant te bly in die beplanning om waterdienste op 'n effektiewe, bekostigbare, ekonomiese en volhoubare wyse te lewer.

Die 2022-2027 Waterdienste Ontwikkelingsplan is ingevolge die nuwe riglyne opgestel en is tans beskikbaar vir publieke insette/kommentaar. Die volledige stel dokumente is beskikbaar by die Direktooraat: Siviele Ingenieursdienste.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die konsep 2022-2027 Waterdienste Ontwikkelingsplan;

7.8/...

- (b) Dat verder kennis geneem word dat die konsep Waterdienste Ontwikkelingsplan beskikbaar gestel is aan die publiek, die Departement van Water en Sanitasie en omliggende munisipaliteite vir kommentaar ingevolge die wetlike voorskrifte;
- (c) Dat die dokument in elektroniese formaat beskikbaar is op die Munisipaliteit se webtuiste en in harde kopie by die kantoor van die Uitvoerende Burgermeester en die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste.

7.9 SWARTLAND EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPLAN (2/1/4/5)

Die Swartland Ekonomiese Ontwikkelingsplan bevat inligting wat gereeld opgedateer moet word, onder andere, die prestasies van die Munisipaliteit en ekonomiese inisiatiewe wat ontwikkeling in die Swartland munisipale gebied rig en ondersteun.

Die is verder belangrik om te kyk na Nasionale, Provinsiale en ander inisiatiewe wat as 'n raamwerk kan dien waarbinne die Munisipaliteit sy eie implementeringsdoelwitte kan ontwikkel.

Die hersiene Swartland Ekonomiese Ontwikkelingsplan is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die aangehegte Swartland Ekonomiese Ontwikkelingsplan goedgekeur word.

7.10 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BELEID INSAKE DIE ONDERSTEUNING AAN KLEIN-BESIGHEDE (SMME'S) (12/1/3/1-1/1)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat die gefokusde benadering tot die ondersteuning aan Klein-, Medium- en Mikro-ondernemings (SMME's) voortspruit uit die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, aangesien dit as 'n belangrike sektor beskou word vir ekonomiese groei en die skep van werksgeleenthede.

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEDAT) het in 2023 na munisipaliteite uitgereik om 'n beleid te ontwikkel wat die rol, funksie en verantwoordelikhede van munisipaliteite teenoor kleinbesighede aandui.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat Swartland Munisipaliteit een van die eerstes is om 'n beleid voor te lê – die konsep beleid is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die aangehegte Swartland Munisipaliteit: Beleid insake die Ondersteuning aan Klein-Besighede (SMME's) goedgekeur word.

7.11 MUNISIPALE BEPLANNINGSDOKUMENT VIR VOORLOPIGE DIENSTE EN MENSLIKE NEDERSETTING-KWESSIES INGEVOLGE DIE RAAD SE NEDERSETTINGSPAN (17/4/2/B)

Die munisipale beplanningdokument met spesifieke behuisingsprojekte en gepaardgaande begrotings vir die kort-, medium- en langtermyn is ingevolge die Raad se Nedersettingsplan opgestel. Die beplanningdokument word op 'n jaarlikse basis aan die Provinsiale Departement van Infrastruktuur voorsien ten einde lg. in staat te stel om 'n besigheidsplan aan die Nasionale Departement van Infrastruktuur te voorsien.

Die aangepaste beplanningdokument vir die 2024/2025 tot 2026/2027 finansiële jare, in lyn met die DORA-allokasie, in met die sakelys gesirkuleer en is verder toegelig deur die Direkteur: Ontwikkelingsdienste.

Besluit/...

7.11/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die aangepaste munisipale beplanningsdokument, soos voorgelê, deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word;
- (b) Dat die voorgestelde projekte 'n beplanningsdokument is en onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe en indien voldoende fondse nie beskikbaar is nie, projekte moontlik aangeskuif kan word na die volgende finansiële jare;
- (c) Dat kennis geneem word dat, in terme van die De Hoop Behuisingsprojek Fase 3 (1021 erwe) en die Moorreesburg Behuisingsprojek (650 erwe), die Munisipaliteit besig is met 'n verkrygingsproses om 'n gekwalifiseerde kontrakteur aan te stel en is dit die verwagting dat die kontrakteur gedurende Julie 2024 met die installering van siviele dienste 'n aanvang sal neem. Die aanstelling is onderhewig aan 'n appèl periode van twee weke en 'n kontraktuele oorhandigingsproses.

7.12 AANSTEL VAN DORPSBESTUURDER VIR DARLING (4/2/B)

Die funksie van Dorpsbestuurder is al vir jare 'n gevestigde praktyk in Moorreesburg en Yzerfontein.

Weens 'n verskeidenheid van operasionele en diensleweringkweges in Darling, het die behoefte ontstaan om 'n Dorpsbestuurder vir Darling aan te stel.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die voorneme om so spoedig moontlik 'n Dorpsbestuurfunksie te Darling te vestig, soortgelyk aan die suksesvolle Dorpsbestuurfunksies in Moorreesburg en Yzerfontein;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die werwingsproses die geleentheid sal bied vir 'n bestaande permanente werknemer werksaam en woonagtig in Darling om sy/haar kandidatuur beskikbaar te stel vir die pos en dat die Dorpsbestuurder toelae met die suksesvolle kandidaat onderhandel sal word, wat kan insluit die wysiging en herevaluering van die werknemer se bestaande posbeskrywing om die bykomende funksies in te sluit;
- (c) Dat die wysiging aan die organisatoriese struktuur sal volg sodra die proses afgehandel is.

7.13 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1; 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselwet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkel en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

BESLUIT (vir voorleging aan die Raad op 31 Mei 2024)

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat wysiging van die Raad se Stelsel van Delegasie (3^{de} Hersiening) goedgekeur word soos volg:
 - soos per Aanhangsel C, met ingang vanaf 1 Julie 2024, om die delegasies soos per Aanhangsel B te vervang; en
 - soos per Aanhangsel D, met onmiddellike effek;
- (b) Dat kennis geneem word van die wysigings aan die delegasiestelsels van die Uitvoerende Burgemeester (soos per Aanhangsel A) en Hoof Finansiële Beampte (soos per Aanhangsels E en F, met ingang vanaf 1 Julie 2024);

7.13/...

- (c) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie.

7.14 HERSIENING VAN KOMMUNIKASIESTRATEGIE EN VERWANTE BELEIDE (6/2/2/B)

'n Hersiening van die 2017-2022 Kommunikasiestrategie het die opdatering van verwante beleide genoodsaak, asook die opstel van 'n Korporatiewe Identiteitsgids.

Die Korporatiewe Identiteitsgids sal toesien dat 'n konsekwente en betroubare handelsmerkidentiteit gevestig word in alle munisipale kommunikasie deurdat dit riglyne aan personeel sal verskaf oor hoe om die Munisipaliteit se handelsmerk te gebruik.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die 2023-2027 Kommunikasiestrategie goedgekeur word soos voorgestel met ingang vanaf 1 Junie 2024;
- (b) Dat die gewysigde Kommunikasiebeleid goedgekeur word met ingang vanaf 1 Junie 2024;
- (c) Dat die gewysigde Sosiale Mediabeleid goedgekeur word met ingang vanaf 1 Junie 2024;
- (d) Dat die Korporatiewe Identiteitsgids goedgekeur en met ingang vanaf 1 Junie 2024 geïmplementeer word.

7.15 THE IMIBALA TRUST: BENUTTING VAN VOORMALIGE KOMMANDOGEBOU TE MOORREESBURG (15/4/6)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee is op 17 April 2024 in kennis gestel dat die huurtermyn van Sinethemba vir die benutting van die voormalige Kommandogebou te Moorreesburg op 30 April 2024 verstryk en nie hernu sal word nie.

Die Imibala Trust het hul belangstelling uitgespreek om 'n vaardigheids-ontwikkelingsentrum vir minderbevoorregte skoolgaande jeug in Moorreesburg te vestig en is opdrag aan die Administrasie gegee om die toekomstige benutting van die Kommandogebou te ondersoek.

Daar is op 7 Mei 2024 met die Hoof Uitvoerende Beampte, mnr Theo Willemse, en ander verteenwoordigers van die Imibala Trust ontmoet en was 'n ter plaatse inspeksie gebring aan die Kommandogebou.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van *The Imibala Trust* se belangstelling om 'n vaardigheids-ontwikkelingsentrum vir minderbevoorregte skoolgaande jeugdige in Moorreesburg te vestig en sodanige sentrum teen Januarie 2025 in bedryf te stel;
- (b) Dat daar by die Raad aanbeveel word dat die perseel van die voormalige Kommandogebou aan *The Imibala Trust* onder 'n notariële huurooreenkoms beskikbaar gestel word om 'n jeugontwikkelingsentrum te vestig, vir 'n termyn van twintig (20) jaar, en wel teen 'n nominale tarief, gegewe die infrastruktuur-belegging wat die Trust op die grond sal maak en die gemeenskapsvoordeel wat die projek inhou vir Moorreesburg en omstreke;
- (c) Dat dit onder andere 'n voorwaarde van verhuring sal wees dat die bestaande gebruikers van die perseel ook binne die sentrum geakkommodeer sal word.

7.16 VERHURING VAN GEBOU (BEKEND AS DIE OU CARNEGIE BIBLIOTEEK), GELEË OP ERF 123, KERKSTRAAT, MOORREESBURG AAN DIE ACVV VIR KANTOORSPASIE (12/1/3/1-9/1)

'n Aansoek is ontvang vanaf die ACVV Moorreesburg om die gebou op Erf 123, Moorreesburg (bekend as die ou Carnegie Biblioteek) te huur vir gebruik as kantoorspasie vir kinderbeskermingsdienste. Lg. dienste word tans bydryf uit Huis Moorrees, maar die ACVV het aangedui dat die spasie benodig word om 'n Alzheimers-eenheid te vestig.

Die gebou op Erf 123, Moorreesburg word tans deur die Wetstoepassingsafdeling benut, maar daar is voldoende kantoorspasie by die Moorreesburg munisipale kantoor om daar te hervestig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat in terme van Regulasie 34 van die Regulasies insake die Oordrag van Munisipale Bates, saamgelees met die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van die gebou geleë op Erf 123, ongeveer 991m² groot, Kerkstraat, Moorreesburg aan die ACVV Moorreesburg teen 'n huurbedrag van R120.00 (BTW uitgesluit) per jaar vir 'n tydperk van 3 (drie) jaar vanaf 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2027, onderworpe daaraan dat die verhuurder verantwoordelik gaan wees vir die betaling van dienste-aansluitings asook dienste-verbruik;
- (b) Dat die gebou slegs gebruik word vir kantoorspasie om kinderbeskermingsdienste te voorsien;
- (c) Dat in terme van paragraaf 13 van die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates, goedkeuring vir die verhuring van die eiendom deur middel van direkte onderhandelinge verleen word, aangesien die ACVV akkommodasie benodig vir die voorsiening van 'n baie belangrike sosiale diens aan die gemeenskap van Moorreesburg.

7.17 VERHURING VAN GEDEELTE VAN ERF 409, LANGSTRAAT, MOORREESBURG AAN DIE WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT VIR PARKERING DOELEINDES (12/1/3/1-9/1)

Die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) huur sedert 2013 'n gedeelte van Erf 409, Langstraat, Moorreesburg (groot 1 234 m²) vanaf die Raad en is die betrokke gedeelte verbeter en omhein vir parkeerdoeleindes.

'n Aansoek is vanaf die WKDM ontvang om 'n addisionele gedeelte by te huur (groot 938 m²) vir parkeerdoeleindes. Hierdie gedeelte sal nie omhein word nie en oor naweke beskikbaar wees vir die Moorreesburg Rolbalkklub/Lions-klub wat die gedeelte oor nawe,e benut as parkering.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates (2014) dat goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van Erf 409, ongeveer 2 938m² groot, geleë in Langstraat, Moorreesburg aan die Weskus Distriksmunisipaliteit vir parkeerdoeleindes teen 'n huurbedrag van R2 938.00 per jaar (BTW uitgesluit) vir 'n tydperk van 3 (drie) jaar vanaf 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2027;
- (b) Dat 'n gedeelte van Erf 409 Moorreesburg, ongeveer 1704m² groot, slegs gebruik word vir die ontwikkeling van 'n parkeerarea wat nie omhein is nie, onderhewig daaraan dat die parkeerarea naweke toeganklik sal wees vir gebruik deur die Moorreesburg Rolbalkklub/Lions Klub wat vanaf die aangrensende eiendom, Erf 3974 bedryf word;

7.17/...

- (c) Dat die eiendom te alle tye deur en op koste van die huurder onderhou word;
- (d) Dat, in terme van paragraaf 12 van die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates, goedkeuring vir die verhuring van die eiendom deur middel van direkte onderhandelinge verleen word aangesien die WCDM, 'n regeringsinstansie, die eiendom in 'n parkeerarea gaan ontwikkel om aan hul parkeerbehoefes sowel as dié van die Moorreesburg Rolbalklub/Lions Klub te voldoen.

7.18 KANTOORAKKOMMODASIE: ABBOTSDALE BUURTWAG (12/1/3/1-1/1)

Die Abbotsdale Buurtwag huur tans een deel van die struktuur op Erf 1217, geleë te Roosmarynstraat, Abbotsdale en is begerig om die huurooreenkoms vir 'n verdere tydperk te verleng.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n huurooreenkoms met die Abbotsdale Buurtwag gesluit word vir die huur van een gedeelte van die struktuur geleë op erf 1217, Abbotsdale, en wel vir 'n verdere periode van een (1) jaar met ingang vanaf 1 Julie 2024 ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit, welke bedrag vooruitbetaalbaar sal wees;
- (b) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly, ingesluit dat water en riooldienste kosteloos beskikbaar gestel word, in ag genome dat die buurtwag 'n vrywillige diens aan die gemeenskap lewer.

7.19 VERHURING VAN VOORAFVERVAARDIGDE STRUKTUUR, GELEë OP ERF 213, DARLINGWEG, ABBOTSDALE AAN DIE ABBOTSDALE NETBALKLUB VIR DIE GEBRUIK DAARVAN AS 'N KLEEDKAMER (12/1/3/1-1/1)

'n Aansoek is ontvang vanaf die Abbotsdale Sport Forum, namens die Abbotsdale Netbalklub, om die voorafvervaardigde struktuur, geleë op Erf 213, Darlingweg, Abbotsdale te gebruik as kleedkamer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) In terme van Regulasie 34 van Regulasies insake die Oordrag van Munisipale Bates, saamgelees word met die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van die voorafvervaardigde struktuur geleë op Erf 213, Darlingweg, Abbotsdale aan die Abbotsdale Netbalklub teen 'n huurbedrag van R120.00 (BTW uitgesluit) per jaar vir 'n tydperk van 3 (drie) jaar vanaf 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2027;
- (b) Dat die voorafvervaardigde struktuur deur die Abbotsdale Netbalkklub slegs as 'n kleedkamer en vir geen ander doel gebruik word nie;
- (c) Dat die klub verantwoordelik sal wees vir enige verbeterings aan die struktuur, sowel as die onderhoud en skoonmaak daarvan vir die tydperk van verhuring;
- (d) Dat in terme van paragraaf 13 van die Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates, goedkeuring vir die verhuring van die eiendom verleen word deur middel van direkte onderhandelinge aangesien die Abbotsdale Netbalkklub 'n sportorganisasie is wat kleedkamergeriewe benodig.

7.20 VERVREEMDING VAN ERF 1308, ABBOTSDALE (TENDER L03/23/24)) (8/2/2/8)

Die Raad het op 30 Januarie 2024 goedkeuring verleen vir die vervreemding van Erf 1308, Abbotsdale by wyse van 'n mededingende proses. Die Raad het verder die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemagtig om die vervreemding na afloop van die tenderproses te oorweeg.

7.20/...

Daar is op tender uitgegaan en drie tenders is ontvang, waarvan slegs twee finansiële aanbiedinge meer was as die reserweprys. Die tenders is oorweeg tydens 'n Bodbeoordelingskomitee gehou op 30 April 2024 vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die prosesse wat gevolg is vir Tender L03/23/24 (Verkoop van Erf 1308 Abbotsdale) om toegeken te word aan SSJ Brothers Save (Pty) Ltd ten bedrae van R114 500.00 BTW uitgesluit;
- (b) Dat die oordrag van die bate (onderwerp eiendom) aan SSJ Brothers Save (Pty) Ltd goedgekeur word, en die Verkoopopreenskoms onderteken word deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste.

7.21 VERHURING VAN VRAGHOUER AAN DIE KALBASKRAAL BUURTWAG (12/1/3/1-6/1)

'n Skrywe is ontvang vanaf die Kalbaskraal Gemeenskapsforum, waarin namens die Kalbaskraal Buurtwag (wat deel is van die forum) aansoek gedoen word vir 'n vraghouer vanwaar hulle hul aktiwiteite in Kalbaskraal kan bedryf.

Die uitgediende vraghouer wat voorheen vir Wyk 11 se buurtwag ingerig was en na Jakarandastraat, Malmesbury verskuif is, is geskik om vir buurtwag doeleindes te gebruik.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die uitgediende vraghouer in Jakarandastraat, Malmesbury (oorkant die gemeenskapskliniek) aan die Kalbaskraal Buurtwag beskikbaar gestel word, en dat 'n huuroorenskoms gesluit word vir die huur van die betrokke struktuur vir 'n periode van een (1) jaar ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit, welke bedrag vooruitbetaalbaar sal wees, met ingang vanaf 'n datum nadat verskuiwing van die vraghouer plaasgevind het;
- (b) Dat die vraghouer kosteloos deur die Munisipaliteit verskuif sal word na die oop gedeelte grond in Rivierstraat (langs die bushalte) in Kalbaskraal;
- (c) Dat die gebruik van die vraghouer daaraan onderhewig is dat die Kalbaskraal Buurtwag dit sonder verbeterings, en sonder krag- en wateraansluitings sal aanvaar.

7.22 UITSTAANDE DEBITEURE: APRIL 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir April 2024.

7.23 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.24 VOORRAADOPNAME: 2024 (6/1/1)

Die jaarlikse voorraadopname is geskeduleer vir 26 Junie 2024 en word die genomindeerde raadslede uitgenooi om die opname waar te neem.

BESLUIT

- (a) Dat rdh T van Essen en rdl N Smit aangewys word vir die voorraadopname en dat rdl A K Warnick op bystand sal wees indien nodig;
- (b) Dat die aangewese raadslede kennis neem dat die Assistent Voorraad Kontroleurder graag om 09:00 stiptelik aanvang wil neem met die voorraadopname by die hoof magasyn te Malmesbury.

7.25 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTEL VAN DIENSVERSKAFFER VIR DIE VOORSIENING EN INSTALLERING VAN TOERUSTING VIR DIE REMTOETSMASJIE BY DIE MOORREESBURG TOETSTASIE (8/1/B/2)

Die remtoetsmasjien by die Moorreesburg Toetstasie het onklaar geraak en die toetstasie voldoen nie aan die SANS-standaard nie en kan die nodige dienslewering aan die publiek nie plaasvind nie.

Die Clifford-remtoetsmasjien is aangekoop by *Fulcrum Technologies* en is lg. die alleenverskaffer, ontwikkelaar en diensagent van die masjiene en ook die onderhoud van die sagteware.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die optrede van die Munisipale Bestuurder om nie verdere kwotasies aan te vra nie, maar om die aanvaarding van die kwotasie vir die aanstelling van Fulcrum Technologies vir die verskaffing en installering van toerusting by die remtoetsmasjien by Moorreesburg Voertuigtoetsstasie goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses aangeteken word as:
 - (i) Die Clifford-remtoetsmasjien is gekoop by en geïnstalleer deur Fulcrum Technologies;
 - (ii) Fulcrum Technologies is die vervaardiger en verskaffer van Clifford-toestelle en om sy sagteware in stand te hou;
 - (iii) Fulcrum Technologies kan hierdie toetsmasjiene kalibreer en stel;
- (d) Dat die uitgawe van R38 580.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/245-677-317 verreken word en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.26 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTELWERK AAN KOMPakteerder, CK 44823 (8/1/B/2)

Die UD 330 Quester-kompakteervragmotor word gebruik vir die lewering van die vullisverwyderingsdiens in Darling en Yzerfontein en dit is noodsaaklik dat die vragmotor in 'n werkende toestand moet wees.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsiening-

kanaalbestuurbeleid;

- (b) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van die Heil-kompakteerder in die Wes-Kaap is;
- (c) Dat die uitgawe ten bedrae van R153 810.93 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-60-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (d) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER